

26 November

Johannes 5:17; 19-20

Ek doen wat my Vader doen!

Wonder jy ook wat jy vir die Here kan doen? Gaan dit in ons Christenskap regtig oor die vraag wat ons vir die Here moet doen of gaan dit oor iets anders? As jy na ons Here Jesus se lewe sou kyk, sou Hy dadelik vir jou in 'n ander rigting laat dink het. In ons teksverse leer Hy ons iets wonderliks. Hy leer ons hoe ons kan weet wat om te doen as kinders van ons Hemelse Vader op aarde.

Luister mooi wat leer Hy ons oor Homself. Hy beskryf 'n proses aan ons waarvolgens Hy gelewe en gewerk het:

- My Vader is aan die werk tot nou toe;
- Nou het Hy My ook aan die werk;
- Ek doen niks op eie inisiatief nie;
- Ek kyk om te sien wat My Vader besig is om te doen;
- Ek doen wat Ek sien wat my Vader alreeds besig is om te doen.
- Julle sien, my Vader het My lief;
- Hy wys My alles wat Hy besig is om te doen.

Ons Here Jesus leer ons dat die belangrikste vraag nie is wat ons vir die Here kan doen nie, maar dat ons eerder moet vra: Waarmee is my Vader besig en hoe kan ek deel word van dit waarmee Hy besig is?

Kom ek gebruik 'n eenvoudige illustrasie om dit te verduidelik. 'n Pa en sy seun boer saam. Die pa staan vyfuur die oggend op. Dan gaan hy na sy skape in die veld en begin om hulle te versorg. Die seun staan sewe-uur op. Wanneer hy opgestaan het, kan hy verskillende dinge doen. Hy kan besluit om op sy eie iets vir homself te doen. Of hy kan iets vir sy pa begin doen. Of, hy kan vasstel waarmee sy pa besig is, en dan sal hy ontdek dat sy pa, omdat hy sy seun liefhet, hom roep, hom wys waarmee hy besig is en hom uitnooi om by hom aan te sluit.

Nou weet jy watter vraag vir jou as kind van jou hemelse Vader die belangrikste is. Stel dit as jou doelwit vir die jaar wat kom om vas te stel waarmee jou Vader besig is. Wat 'n voorreg om dan deel van sy werk te word!

Sing Psalm 66:7

Dr. G.C.P. Labuscagne (Bloempark)